Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. **086 133 3786**
Faks (012) 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

12 April 2019

MEDIAVERKLARING

Die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns kondig graag aan dat op die volgende bekronings vir 2019 besluit is.

Die pryse sal na keuse van die bekroondes tydens bekroningsplegtighede, op onderskeidelik 10 Julie op Stellenbosch en 11 September in Pretoria, oorhandig word.

Hierdie verklaring bevat die besonderhede van die bekronings vir 2019. Die bekroondes is waar moontlik reeds mondeling oor die bekronings ingelig.

HERTZOGPRYS VIR PROSA

Die Hertzogprys is die vernaamste prestigeprys in die Afrikaanse letterkundige wêreld en heet na die groot kampvegter vir Afrikaans, genl. J.B.M. Hertzog. Die prys is beperk tot oorspronklike letterkundige werk in Afrikaans en word jaarliks om die beurt vir poësie, drama en verhalende prosa, in dié volgorde, toegeken. Die prys word toegeken op aanbeveling van die Akademie se Letterkundekommissie.

Die Hertzogprys vir Prosa gaan vanjaar aan **Fanie Naudé** vir *Die derde spoel*.

EUGÈNE MARAISPRYS

Die prys word toegeken vir 'n eerste of vroeë letterkundige werk en kan net een keer aan 'n persoon toegeken word.

Die Eugène Maraisprys word toegeken aan **Lodewyk G. du Plessis** (die skuilnaam van Andries Buys) vir *Die dao van Daan van der Walt*.

ALBA BOUWERPRYS VIR KINDERLITERATUUR
Die prys word toegeken vir enige literêre werk in die kategorie kinderliteratuur, d.w.s. die groep lesers van sewe tot twaalf.

Die prys word vanjaar toegeken aan die skrywer **Jaco Jacobs** en die illustreerder **Zinelda McDonald** vir *Moenie hierdie boek eet nie*!

Jaco Jacobs

DELEEN BEKKERPRYS VIR DIE BESTE DRAAIBOEK VIR 'N TELEVISIEDRAMA IN AFRIKAANS
Die prys kan jaarliks toegeken word vir die beste draaiboek van 'n televisiedrama in Afrikaans, hetsy 'n enkeldrama of 'n episode uit 'n reeks.

Die prys word vanjaar toegeken aan die draaiboekskrywer **Louis Pretorius** vir *Die Boekklub*, seisoen 1, episode 9.

Louis Pretorius

In *Die Boekklub* het Louis Pretorius 'n fiktiewe groep vriende geskep wat verbind is deur 'n boekklub wat reeds dertig jaar lank bestaan. Die reeks speel af in die klein dorpie Merweville, waar Pretorius die verhaal vertel van 'n sukkelende "hipster" van Kaapstad, ene Tom Niemand, wat sy ouma se gastehuis erf en hom dan in dié klein Karoodorpie vestig. Daar ontmoet hy die

lede van sy ouma se boekklub en begin 'n reis van selfontdekking saam met die ander lede van die klub. Episode 9 van *Die Boekklub* is 'n goeie voorbeeld van 'n karakter wat effens voorkeur geniet ten opsigte van die storielyn en gebeure, en teen die einde van die episode het die meeste van die karakters lewensveranderende besluite geneem wat die algehele storie dramaties vorentoe neem. Louis Pretorius slaag daarin om nuwe lewe aan die taal te gee en te wys dat taal steeds suiwer, maar gemaklik en toeganklik vir almal, gepraat kan word. Hy werk altyd spaarsaam met dialoog, en elke woord word geweeg en het 'n doel. Dialoog word gebruik om sy karakters te verstaan en nie te verduidelik nie. Dit is ’n kenmerk van 'n goeie skrywer om die blote inligting in ware insig te omskep.

HUBERTE RUPERTPRYS VIR KLASSIEKE MUSIEK

Die veld van die toekenning dek die klassieke musiek en vanjaar word die prys toegeken aan ’n instrumentalis wat een of meer van die volgende bespeel: blaasinstrumente (fluit, trompet, ens.); klawerbord (orrel, klavier, klawesimbel) of strykers (viool, ens.).

Die prys word toegeken aan die **Odeion-Strykkwartet** van Bloemfontein.

Samson Diamond en Sharon de Kock

Jeanne-Louise Moolman en Anmari van der Westhuizen

Die Odeion-Strykkwartet is in 1991 by die Universiteit van die Vrystaat gestig as permanente, voltydse inwonende strykkwartet, en is tans die enigste inwonende strykkwartet aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit. Die Kwartet tree gereeld by groot nasionale en internasionale kunstefeeste op. Verskeie suksesvolle internasionale toere is onderneem na Oostenryk, België, Duitsland, Switserland en die Verenigde Koninkryk. In 2016 het die Kwartet in samewerking met die kontemporêre Oostenrykse komponiste Klaus Ager, Achim Bornhöft en Hannes Heher

Oostenrykse en Suid-Afrikaans werke in Salzburg en Wene uitgevoer. Tuis speel die Kwartet 'n belangrike rol as leerkragte aan die Universiteit van die Vrystaat se Odeion-Skool vir Musiek, waar hulle studente van oor die land lok. Werkswinkels oor kamermusiek vir strykinstrumente is gedurende 2016 en 2017 aangebied in samewerking met vooraanstaande internasionale gaste, byvoorbeeld die lede van die Royal Birmingham Conservatoire se ARCO-projek en die bekroonde jong Fitzroy-strykkwartet uit die VSA. Dit is tekenend van die kwartet se toewyding aan onderwys.

EREPENNING VIR 'N TELEVISIEDRAMA IN AFRIKAANS

Die Erepenning word toegeken aan die regisseur **Louis Pretorius** vir *Fynskrif*, episode 3.

Louis Pretorius

As visuele outeur neem Louis Pretorius die alledaagse en omskep dit in die onverwagte. Met 'n beskeie begroting slaag hy daarin om 'n produk te lewer wat gemeet kan word aan internasionale standaarde. Pretorius het in die afgelope drie jaar die regie behartig van *Die Boland-moorde*, *Die Boekklub*, reeks 2, en *Fynskrif*; daarmee bewys hy dat hy ook as regisseur 'n besondere talent het. Met sy fyn oog vir detail en 'n oor vir dialoog skep hy vir elke teks 'n lewe van sy eie wat kykers boei en hulle saam met die karakters op reis neem deur 'n landskap vol komplekse emosies en moontlikhede. *Fynskrif* se stories wentel om die dag-tot-dag-bestaan van 'n regsfirma in die hartjie van Kaapstad. As regisseur het hy groot waardering vir die geskrewe woord en kry hy dit reg om sy eie unieke visie by te voeg en die teks te verbeter eerder as om dit af te water. Pretorius se insig in die mense verhoog sowel die komiese as die tragiese element. Sy gebruik van beligting in dié reeks toon sy meesterskap en hy skep warmte en menslikheid in 'n koue korporatiewe milieu. Al die episodes in hierdie reeks bevat veelvoudige storielyne wat Louis Pretorius seepglad saamvleg, en terselfdertyd uitstekende optredes deur die spelers, wat samehangend en kragtig is, voortbring. Hy is een van die seldsame regisseurs wat oor artistieke meriete sowel as tegniese vaardigheid beskik.

EREPENNING VIR VISUELE KUNSTE
Die Erepenning vir Visuele Kunste word toegeken aan **Helen Sebidi** vir haar bydrae tot visuele kunste in Suid-Afrika.

Hoewel Helen Sebidi reeds sedert die tagtigerjare wêreldwyd erkenning ontvang en plaaslik en internasionaal groot aansien verwerf het vir haar voortrekflike skilder- en beeldhoukuns, is sy tot dusver nie plaaslik na behore vereer vir haar groot bydrae tot die visuele kunste nie. As kind het Helen se ouma haar kreatiwiteit aangewakker met die bou en versiering van kraalmure, die maak van kleipotte, die versiering van kalbasse, weefwerk, kralewerk, breiwerk, kleremaak, tekenwerk en selfs skilder. Sy het later kunsklasse by John Mohl geneem en in 1985 haar eerste solo-uitstalling by FUBA gehou. Hierdeur het sy bekendheid in die kunswêreld verkry en een van die betekenisvolste en invloedrykste kunstenaars van die Everard Read-galery geword. In 1989 het Helen Sebidi 'n Fulbright-studiebeurs ontvang en 'n kunswerkwinkel van 45 dae in Washington bygewoon. Dieselfde jaar het sy die Standard Bank Jong Kunstenaar van die Jaar-toekenning gewen. Sedert die 1990's het Sebidi wyd gereis en uitgestal, insluitende in Brittanje, Nederland en die VSA. In 2004 is die Orde van Ikhamanga deur president Thabo Mbeki aan haar toegeken. Sy het tans 'n ateljee in Parktown, Johannesburg, en sy bestee baie van haar tyd daaraan om 'n jonger generasie kunstenaars te inspireer en aan te moedig.

EREPENNING VIR ROLPRENTKUNS
Die Erepenning vir Rolprentkuns word vanjaar toegeken aan die uitvoerende rolprentvervaardiger **Jan du Plessis.**

Jan du Plessis

Die kollig val selde op die uitvoerende vervaardiger, wat dikwels 'n rolprent help skep en sorg dat dit gemaak word. Min mense weet hoe belangrik en deurslaggewend die werk van die uitvoerende vervaardiger van 'n rolprent is. Hy/sy is die persoon wat orde uit die artistieke chaos skep en dit in 'n rigting stuur wat uiteindelik 'n rolprent word. Die vervaardiger is al beskryf as die masjienkamer in die fabriek van 'n rolprent wat nooit raakgesien word nie en wie

se rol skreiend onderskat word. Jan du Plessis kan sedert sy debuut as vervaardiger, en later as die hoof van kykNET-films, gesien word as een van die produktiefste vervaardigers van rolprente in Suid-Afrika. Hy kan as een van die groot dryfvere en kragte in veral die Afrikaanse rolprentbedryf beskou word. Van sy bekendste rolprente as vervaardiger sluit die baanbrekersrolprente *Kanarie* en *Johnny is nie dood nie* en lokettreffers soos *Ellen: die Ellen Pakkies storie*, *Nommer 37*, *Noem my Skollie*, *Sink*, *Tess*, *Wonderlus*, *Vaselinetjie*, *Raaiselkind* en *Hollywood in my huis* in. Komende rolprente sluit in ’n nuwe weergawe van *Fiela se kind*, sowel as *Moerbeibos* en *Die swerfjare van Poppie Nongena*. Hy word vir sy kundigheid, dapperheid en nugtere aanvoeling vereer, ook toe niemand Afrikaanse films wou befonds nie, vir die sensitiewe manier waarop hy met akteurs, skrywers en medevervaardigers werk, en vir sy insig.

DIE EREPENNING VAN DIE SA AKADEMIE SE FAKULTEIT NATUURWETENSKAP EN TEGNOLOGIE AAN PROF. DEBRA MEYER VIR HAAR AKADEMIESE BYDRAE TOT DIE NATUURWETENSKAPPE IN SUID-AFRIKA

Die Erepenning word toegeken vir prestasies en bydraes ten opsigte van die bevordering en ontwikkeling van 'n besondere vakgebied in die natuurwetenskappe.

Die prys word toegeken aan **prof. Debra Meyer**, Uitvoerende Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, Universiteit van Johannesburg.

Debra Meyer

As Dekaan maak prof. Meyer 'n besondere bydrae tot die natuurwetenskappe in Suid-Afrika en haar Fakulteit word deur verskeie graderingsinstrumente as een van die beste in sy soort in Suid-Afrika beoordeel. Prof. Meyer het 'n wye belangstellingsveld en sy oefen ’n wesenlike invloed uit deur haar bydrae tot gemeenskapsopvoeding. Sy het ook opgang gemaak as sakevrou en dien tans in die direksies van 'n verskeidenheid van maatskappye, waaronder Naspers, Atterbury Trust, Orbiss Africa, Media 24 en Die Dagbreek Trust.

BESONDERE EREPENNING VAN DIE AKADEMIE

Die Erepenning word toegeken aan **mev. Pippa Parker**.

In Suid-Afrika is Struik Nature in Kaapstad, tans 'n drukkersnaam van Penguin Random House (SA), reeds etlike jare lank die voorste plaaslike uitgewer van populêr-natuurwetenskaplike boeke van onbetwiste wêreldgehalte. Hierdie sukses is in geen geringe mate nie toe te skryf aan die dinamiese leierskap van mev. Pippa Parker, die Publikasiebestuurder/Uitgewer van die Afdeling Natuurwetenskappe van Struik Nature. Oor die jare het Pippa Parker met dinamiese en vooruitstrewende leiding, visie, goeie oordeel, sakevernuf en persoonlike belangstelling 'n reuserol gespeel om populêr-natuurwetenskaplike boeke in Suid-Afrika te bevorder. In die 23 jaar met Pippa Parker aan die stuur verskyn 'n verstommende 511 titels by Struik Nature/Struik Uitgewers, meestal boeke oor 'n wye spektrum van natuurwetenskaplike onderwerpe. Oor 'n tydperk van meer as twee dekades het Pippa se bevoegdheid en produktiwiteit as uitgewer die populêr-natuurwetenskaplike literatuur in Suider-Afrika, in sowel Engels as Afrikaans, aansienlik verryk.

N.P. VAN WYK LOUWMEDALJE
Die prys word toegeken vir 'n persoon se skeppende bydraes tot die ontginning, organisasie en volgehoue uitbouing van 'n vertakking of vertakkings van die geesteswetenskappe, wat as 'n wesenlike en belangrike bydrae tot die bevordering van die geesteswetenskappe beskou kan word. Die bydraes moet verkieslik in Afrikaans wees.

Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. R.H. (Rufus) Gouws** van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Rufus Gouws

Prof. Gouws het aan die Afrikaanse, Suid-Afrikaanse en Afrika-leksikografie wetenskaplike onderbou gegee. Internasionaal staan hy bekend as dié metaleksikograaf uit Afrika, terwyl hy plaaslik ook as praktiese leksikograaf bekendheid verwerf het. As Afrikaanse taalkundige verseker hy dat Suid-Afrika, die Universiteit van Stellenbosch en Afrikaans erken word as 'n internasionale rolspeler in die leksikografie. Sy loopbaan van meer as 39 jaar dek 'n produktiewe doseer- en navorsingsloopbaan in die Afrikaanse taalkunde en meer spesifiek die leksikografie. Prof. Gouws doseer dikwels internasionaal en is 'n navorsingsgenoot in verskeie Europese lande. Reeds in 1999, as navorsingsprofessor aan die Universiteit van Heidelberg in Duitsland, ontwerp hy 'n teoretiese model vir die nasionale woordeboekeenhede vir al die inheemse tale wat deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad gestig sou word. Hy help ná hierdie stigting met die teoretiese opleiding van die leksikograwe van hierdie eenhede. In die tydperk 2003-2007 lewer hy tien PhD-studente uit Gaboen. Verskeie van hierdie kandidate werk tans aan woordeboekprojekte of is dosente in Gaboen. Sy internasionale status word bevestig daardeur dat hy as die enigste persoon buite Duitsland genooi is om te dien in die redaksie van twee van dié gesaghebbende leksikografienavorsingspublikasies. Tans is sy navorsingsfokus op elektroniese woordeboeke en hy publiseer wyd oor die beste model vir elektroniese woordeboeke. Hy is tans (mede-)outeur van sewe woordeboeke, waaronder die vernuwende tweetalige woordeboek *Prisma groot woordenboek Afrikaans en Nederlands*, 'n gesamentlike Belgies-Nederlands-Suid-Afrikaanse projek met 'n volledig nuwe teoreties gefundeerde makrostruktuurtipe.

D.F. MALANMEDALJE
Die D.F. Malanmedalje word as 'n besonder hoë onderskeiding beskou en word slegs toegeken aan persone wat werk van die hoogste gehalte gelewer het ter bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur.

Die prys word toegeken aan **prof. H.P. (Hennie) van Coller**, Emeritus Uitstaande professor en navorsingsgenoot aan die UV en Buitengewone professor (NWU).

Prof. Hennie van Coller

Die prys word aan prof. Van Coller toegeken op grond van sy groot verskeidenheid wetenskaplike en bellettristiese bydraes tot Afrikaans en sy volgehoue werksaamhede om Afrikaans te bevorder en dit as onderwys- en openbare taal te behou. Sy grootste bydrae is waarskynlik sy meer as 100 artikels in geakkrediteerde tydskrifte, 40 hoofstukke in boeke, talle populêre publikasies en resensies. Hy is die outeur, mede-outeur of redakteur van meer as 20 boeke. Van besondere belang is sy redakteurskap van twee groot literatuurgeskiedenisse. Die eerste is die driedelige literatuurgeskiedenis *Perspektief en profiel*. Die tweede is die nuwe Nederlandse literatuurgeskiedenis in Afrikaans, naamlik *Verbintenis en venster*, wat in Mei vanjaar verskyn. Dit bestaan uit twee dele: Deel 1 beslaan byna 300 bladsye, deur prof. Van Coller geskryf, en deel 2 ongeveer 740 bladsye, grotendeels bestaande uit hoofstukke van seminale Nederlandstalige skrywers. Daarvan het hy twee hoofstukke bygedra. Hy het al verskeie toekennings ontvang. Onder die internasionale uitnodigings en erkennings is 'n versoek om een van die outeurs van die *Cambridge History of South African Literature* te wees. Hy het ook 'n bydrae gelewer in die Universiteit van Berlyn se publikasie oor die vertaling van Shakespeare se sonnette. Hy dien in verskeie rade en verenigings, onder andere die Afrikaanse Letterkundevereniging, is 'n lid van die RGN se spesialiskomitee, hoofbestuurslid van die Afrikaanse Skrywerskring en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek, en paneellid van die National Arts Council. Hy is ook 'n lid van verskeie internasionale verenigings, soos die International Comparative Literature Association, die African Literature Association en die Maatskappij der Nederlandse Letteren, 'n hoofbestuurslid van die ALV en 'n bestuurslid van die Noordelike Kennisnetwerk vir Neerlandistiek.

GUSTAV PRELLERPRYS VIR LITERATUURWETENSKAP EN LETTERKUNDIGE KRITIEK

Die prys is al om die drie jaar beskikbaar vir literatuurwetenskaplike werk in Afrikaans, met inbegrip van letterkundige kritiek.

Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. Heilna du Plooy**, verbonde aan die Noordwes-Universiteit.

Prof. Heilna du Plooy

Heilna du Plooy was vir 30 jaar verbonde aan die vakgroep Afrikaans en Nederlands aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus en is tans buitengewone professor (emeritus) in die Navorsingseenheid Tale en Literatuur in die Skool vir Tale aan die NWU. Sy is die skrywer van ongeveer honderd navorsingsartikels en hoofstukke in boeke oor Afrikaanse en Nederlandse prosa en poësie. Haar navorsing is veral gerig op die (postklassieke) narratologie, maar strek ook wyer met publikasies oor die Afrikaanse en Nederlandse prosa en poësie in die algemeen. Sy is mederedakteur van die tweedelige Nederlandse literatuurgeskiedenis in Afrikaans, *Verbintenis en venster* (2019), samesteller en redakteur van *P.G. du Plessis. 'n Huldiging. Hy was 'n rukkie pagter hier* (2019) en ook samesteller van *Elize Botha – Gespreksgenoot. 'n Brieweboek* wat in 2017 verskyn het. Sy het 'n aantal kortverhale gepubliseer asook vertalings van gedigte. Daar het drie digbundels uit haar pen verskyn, asook 'n roman *Die taal van been* (2016).

DIE EREPENNING VAN DIE SA AKADEMIE SE FAKULTEIT NATUURWETENSKAP EN TEGNOLOGIE AAN DR. CASSIE CARSTENS VIR SY JARELANGE BYDRAE TOT DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE SA AKADEMIE

Dr. Cassie Carstens is die voorsitter van die Werkgemeenskap Pretoria en is werksaam by die Suid-Afrikaanse Kernenergiekorporasie (Necsa).

Dr. Cassie Carstens is die voorsitter van die Werkgemeenskap Pretoria en is werksaam by die Suid-Afrikaanse Kernenergiekorporasie (Necsa).

Die jaarlikse studentesimposiums het 'n groot impak op die bevordering van die doelstellings van die SA Akademie. Hierdie simposiums gee aan Afrikaanssprekende studente 'n uitstaande geleentheid om in 'n beskermde omgewing in hulle moedertaal aanbiedings te maak in goedgeorganiseerde hoëvlakvergaderings. Hierbenewens is dit ook 'n geleentheid om nuwe terme te skep wat in die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie se abstrakte opgeneem word. Onder dr. Cassie Carstens se leiding het die simposiums vir Chemiese-Fisiese wetenskappe aangehou en tot so 'n mate gegroei dat dit nou ook die Biologiese Wetenskappe insluit. Sy buitengewone bydrae oor baie jare verdien erkenning en dank van almal wat in Afrikaans as wetenskaptaal belang stel.

C.L. ENGELBRECHTPRYS VIR AFRIKAANSE TAALKUNDE

Die prys roteer tussen 'n gepubliseerde Afrikaanse letterkundige werk en 'n gepubliseerde werk in Afrikaans oor die Afrikaanse taalkunde.

Prof. Frank Hendricks

Charlyn Dyers

Die prys word toegeken aan die boek *Kaaps in fokus*, waarvan prof. Frank Hendricks en Charlyn Dyers die redakteurs is.

Dit is die eerste akademiese publikasie waarin verskillende skrywers Kaaps as een van die oudste variëteite van Afrikaans uit verskillende invalshoeke belig. In hierdie knap bundel word verskeie aspekte van Kaaps na waarde geskat om te toon hoe ryk en ruim Afrikaans waarlik is. 'n Uiters tydige stuk werk wat Afrikaans se lewenskragtigheid bewys.

STALSPRYSE

Die pryse word toegeken vir 'n hoogstaande publikasie of 'n reeks hoogstaande publikasies, by voorkeur in Afrikaans, asook vir indiwiduele of gesamentlike produkte van hoogstaande gehalte waardeur buitengewone bydraes tot die wetenskapsbeoefening gemaak word.

Stalsprys vir Geskiedwetenskappe

Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. André Wessels**, voormalige hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van die Vrystaat.

Prof. André Wessels

Prof. Wessels se navorsing fokus op die Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis, met spesiale verwysing na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), en die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, waar sy fokus die Suid-Afrikaanse Vloot is. Sy boek *Suid-Afrika se Vlootmagte 1922–2012*, wat in 2017 verskyn het, verdien spesiale vermelding. Prof. Wessels is ook 'n gewaardeerde kollega in die buiteland, waar hy sedert 2009 gasprofessor is by die Australiese Weermagakademie van die Universiteit van Nieu-Suid-Wallis. Hy lewer ook bydraes vir die *South African Defence Review* en vir bekende internasionale publikasies soos *Jane's Fighting Ships* (die mees gesaghebbende en invloedryke naslaanbron oor vlootaangeleenthede) en *The*

Military Balance (die invloedryke vlagskippublikasie van die internasionale Institute of Strategic Studies in Londen).

Stalsprys vir Ekonomie
Die prys word toegeken aan **prof. Jannie J. Rossouw**, Hoof van die Skool vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe van die Universiteit van die Witwatersrand.

Prof. Jannie Rossouw

Prof. Rossouw het hom gevestig as een van die voorste ekonome en akademici in Suid-Afrika. Hy het oor 'n aantal jare vele akademiese en populêre publikasies die lig laat sien oor verskeie tersaaklike Suid-Afrikaanse ekonomiese vraagstukke, veral oor die geloofwaardigheid van inflasiesyfers en inflasieverwagtinge; monetêre kwessies, insluitende sentrale bankwese; en fiskale standhoudendheid. Sy akademiese publikasies oor hierdie brandende kwessies lewer 'n belangrike bydrae om sekere kernuitdagings vir die Suid-Afrikaanse ekonomie te ontleed en toe te lig en voorstelle te maak om van die uitdagings die hoof te bied.

Stalsprys vir Filosofie en Etiek
Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. Johan Snyman**, emeritus professor in Filosofie aan die destydse Randse Afrikaanse Universiteit (tans Universiteit van Johannesburg).

Prof. Snyman word vereer vir die uitmuntende en baanbrekende bydraes tot filosofie en etieknavorsing wat hy oor 'n periode van 42 jaar gelewer het. Prof. Snyman staan plaaslik en internasionaal bekend as een van die belangrikste deskundiges op die gebied van die neomarxisme en die wyse waarop die neomarxisme deur politiek-estetiese perspektiewe beïnvloed is en self 'n maatgewende invloed op die politieke estetika uitgeoefen het. Hierdie baanbrekende navorsing het in die latere fase van sy loopbaan aanleiding gegee tot sy groeiende belangstelling in Afrikaanse intellektuele politiek-estetiese geskiedenis, in byvoorbeeld die wedersydse relevansie van slagoffers se vergelykbare ervarings in die Duitse volksmoord en die lyding van Afrikaanse mense in die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog. Johan Snyman is die eerste persoon in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika wat in publikasies die temas en perspektiewe van die Duitse *Historikerstreit* van die 1980's op sogenaamde Afrikaanse historiese perspektiewe van toepassing gemaak het.

DS. PIETER VAN DRIMMELENMEDALJE
Die Ds. Pieter van Drimmelenmedalje word toegeken vir aktiwiteite soos Bybelvertaling, teologiese handboeke in Afrikaans vir gebruik deur universiteitstudente, gepubliseerde preekbundels, godsdiensonderwys en die skryf, vertaling, toonsetting en bywerking van Afrikaanse Psalms en Gesange.

Die prys word toegeken aan **prof. H.J.B. (Bernard) Combrink,** emeritus professor en voormalige Dekaan van die Fakulteit Teologie, Universiteit van Stellenbosch.

Erkenning word veral aan prof. Combrink gegee vir sy deurslaggewende rol as projekleier vir *Die Bybel: 2020-vertaling* sedert 2006 en ook vir sy rol as medevertaler van die Afrikaanse

Bybel vir die Dowes vanaf 1997 tot 2005. As projekleier van die 2020-vertaling het prof. Combrink verseker dat daar deurgaans getrou gebly is aan die brontekste van die Bybel en dat die vertaling in goed versorgde, verstaanbare Afrikaans is. Meer as 140 medewerkers uit 'n wye verskeidenheid van Afrikaanse kerkgenootskappe het onder leiding van prof. Combrink deelgeneem aan die vertalingsproses. Die voltooiing van die vertaling van die Bybel in Afrikaans in 2020 sal sekerlik dié belangrikste Afrikaanse geestelike teks van die afgelope vier dekades vir 'n breë Afrikaanse gehoor daarstel.

TOTIUSPRYS VIR TEOLOGIE EN DIE STUDIE VAN DIE GRONDTALE VAN DIE BYBEL
Die Totiusprys kan driejaarliks toegeken word vir 'n hoogstaande publikasie of 'n reeks hoogstaande publikasies in Afrikaans oor die Christelike teologie en/of die studie van die grondtale van die Bybel.

Die prys word toegeken aan **dr. Coenraad Wilhelm (Coenie) Burger**, tans programbestuurder van die verlengde BTh-program aan die Universiteit van Stellenbosch vir "townshipleraars".

Dr. Burger het hom oor die jare bewys as een van die toonaangewende teoloë wat hoogstaande publikasies in Afrikaans skryf en het reeds twee keer die Andrew Murrayprys vir Christelike lektuur verower. Dr. Burger se publikasies oor veral gemeentestudies het die kerk opnuut voorberei vir die taak om die evangelie in Suid-Afrika te verkondig, terwyl die *Woord in die Lig*-reeks, waarvan hy medeskrywer en -redakteur was, steeds 'n enorme invloed op die Woordverkondiging in Afrikaanse kerke het.

FRANS DU TOITMEDALJE VIR BEDRYFSLEIDING
Die medalje word driejaarliks toegeken vir bedryfsleiding. Die volgende geld by die oorweging van 'n kandidaat: Skeppende bydrae tot die Suid-Afrikaanse bedryfslewe; volgehoue uitbouing oor 'n lang tydperk van die terreine waarop die kandidaat hom/haar begewe; leiding op bepaalde terreine en die besieling wat daar van die persoon uitgegaan het om die gebied verder te ontwikkel. Die prys word as die kroon op 'n lewenstaak beskou en kan slegs een maal aan 'n persoon toegeken word.

Die prys word toegeken aan **dr. Johan van Zyl,** tans Uitvoerende Direkteur van Toyota Motorkorporasie Internasionaal.

Dr. Johan van Zyl

Dr. Van Zyl was tussen 1984 en 1993 senior lektor en professor aan die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Potchefstroom (tans die Noordwes-Universiteit). Ná sy aanstelling as verkoopsdirekteur by Toyota word hy in Maart 1995 bevorder tot direkteur van bemarking en in Mei 1996 tot besturende direkteur van Toyota Suid-Afrika. In 2002 word hy president en hoof- uitvoerende beampte van Toyota SA en in Junie 2009 word hy aangestel as uitvoerende beampte van die Toyota Motorkorporasie (Japan) en minder as 'n jaar later, in 2010, as adjunkhoof- uitvoerende beampte vir die Midde-Ooste, Afrika en Latyns-Amerika. In 2013 word hy aangestel as hoof- uitvoerende beampte vir Toyota se sakebedrywighede in Afrika en twee jaar later kry hy dieselfde verantwoordelikheide vir Toyota in Europa. In 2016 word hy voorsitter van Toyota in Suid-Afrika en in Januarie 2019 word hy bevorder tot

uitvoerende direkteur van Toyota Motorkorporasie Internasionaal. Hy is verantwoordelik vir alle bedrywigheide van Toyota in Europa en vir die verkope en bemarkingsaktiwiteite in 54 lande.

Johan van Zyl dien in die raad van die Noordwes-Universiteit, asook in die adviesraad van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe van die Universiteit van Pretoria. Hy is betrokke by die Gordon Institute of Business Science van UP en dien as stigter en voorsitter van die Toyota Wessels Instituut vir Vervaardigingstudies. Hy het 'n eredoktorsgraad van die Noordwes-Universiteit ontvang en die Eurostar-toekenning as een van die top-18 uitvoerende beamptes in die motorbedryf in Europa.

PROTEA BOEKHUISPRYS VIR BESTE WERK IN GESKIEDENIS OF KULTUURGESKIEDENIS IN AFRIKAANS

Die prys kan jaarliks toegeken word en roteer tussen 'n gepubliseerde werk, die beste M-verhandeling, en die beste D-proefskrif in geskiedenis in Afrikaans. Dit word vanjaar toegeken aan die beste gepubliseerde werk in geskiedenis of kultuurgeskiedenis in Afrikaans in die afgelope drie jaar.

Die prys word toegeken aan **dr. J.E.H. (Jackie) Grobler** vir *Die Eerste Vryheidsoorlog 1880–1881.*

Dr. Jackie Grobler

Dr. Grobler was vir bykans 40 jaar as dosent verbonde aan die Departement Historiese en Erfenisstudies van die Universiteit van Pretoria. Hy het hom as kenner van die 19de-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis gevestig. Dr. Grobler lewer met hierdie boek 'n waardevolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, want so ’n omvattende boek oor die Eerste Vryheidsoorlog is nog nie voorheen gepubliseer nie. Die hoofdoel van die boek is om 'n ewewigtige beeld van veral die militêre verloop van die stryd te gee. Dr. Grobler het alle bekende bronne wat moontlik lig op hierdie kwessie kon werp, geraadpleeg ten einde in die tradisie van die historikus Leopold von Ranke te kan beskryf wat "werklik" in die oorlog gebeur het. Daarbenewens is die doel van dié werk om lig te werp op die denke, persepsies, emosies en optrede van die prominente rolspelers in hierdie oorlog, asook van die middelvlakoffisiere en amptenare aan beide kante en, vir sover dit moontlik is, van die gewone burgers en soldate.

M.T. STEYNPRYS VIR NATUURWETENSKAPLIKE EN TEGNIESE PRESTASIE

Die prys word toegeken aan 'n persoon vir sy/haar skeppende bydraes tot die ontginning, organisasie en volgehoue uitbouing van die natuurwetenskap en/of die tegnologie (of 'n vertakking of vertakkings daarvan) en die suksesvolle toepassing daarvan in breër verband, soos in landsbelang. Die prys word gesien as die kroon op 'n lewenstaak en kan daarom net een maal aan 'n persoon toegeken word.

Die prys word toegeken aan **prof. Alvaro M. Viljoen**, verbonde aan die Departement Farmaseutiese Wetenskappe van die Tshwane-Universiteit van Tegnologie (TUT), Pretoria.

Prof. Alvaro Viljoen

Prof. Viljoen het by die TUT 'n nuwe navorsingsrigting begin en dit uitgebou tot 'n sterk groep wetenskaplikes in Suid-Afrika. Hy is een van die mees produktiewe wetenskaplikes in Suid-Afrika en geniet sterk internasionale aansien. Sy lang lys publikasies en internasionale medewerkers weerspieël buitengewone toewyding en volgehoue voldoening aan die hoogste wetenskaplike standaarde in sy vakgebied. Die groot aantal studente, ook van oorsee en verskeie Afrikalande, wat onder sy leiding ontwikkel het en wat reeds elders in ons land presteer, is opvallend.

GOUE AKADEMIEMEDALJE

Die medalje word toegeken vir verdienstelike werk op die gebied van die natuurwetenskap, die tegnologie of die geneeskunde. Die prys kan driejaarliks toegeken word.

Die prys word vanjaar toegeken aan **dr. Hannes de Lange**, tans kontraknavorser vir verskeie maatskappye en woonagtig in Oudtshoorn.

Dr. De Lange se hele loopbaan was daarop toegespits om probleme wat veral die landboubedryf betref, te ondersoek en op te los. Sy vroeë bydrae was die ontwikkeling van nuwe sitruskultivars, wat reeds die afgelope 50 jaar in die bedryf gebruik word. Tydens sy loopbaan by die Nasionale Botaniese Instituut by Kirstenbosch het sy navorsing om die weefselkultuur van inheemse plante te bevorder, vrugte afgewerp. Hy was die eerste navorser ter wêreld wat kon aandui dat rook die ontkieming van saad in die fynbosplante stimuleer. Dit het groot implikasies gehad vir die kweek van plante van die fynbosgebied en Mediterreense klimaatstreek. Baie spesies wat vroeër nie gekweek kon word nie, kon dus in die bedryf bekendgestel word. Dr. De Lange se navorsing oor die taksonomie, groeibehoeftes, oes, fermentasie en smaak van verskillende spesies heuningbos, ook met die samewerking van baie boere en akademici, het meegebring dat heuningbostee in die buiteland gewild geword het en dat boere tans 300 tot 600 ton per jaar uitvoer. Hy het ook besef dat die rooibosteebedryf op 'n baie nou genetiese variasie gebaseer is, en het onlangs groot projekte oor hierdie aangeleentheid begin onderneem.

HAVENGAPRYSE
Die Havengapryse is 'n jaarlikse prestigeprys wat vir oorspronklike navorsing op natuurwetenskaplike en/of tegniese gebied toegeken word. Die prys kan net een maal aan 'n persoon toegeken word.

Havengaprys vir Lewenswetenskappe
Die prys word toegeken aan **prof. Ian A. Dubery**, Direkteur: Navorsingsentrum vir Plantmetabolomika, Universiteit van Johannesburg.

Prof. Ian Dubery

Prof. Dubery se navorsing fokus op die biochemie van stresmetabolisme by plante, 'n veld waarin hy internasionale erkenning vir sy innoverende bydraes geniet. As biochemikus het hy nuwe benaderings en insigte na die interdissiplinêre veld van plant-mikrobe-interaksies gebring. Sy wetenskaplike bydraes getuig van uitnemendheid soos weerspieël deur sy publikasies in vakjoernale wat spesialiseer in plantbiochemie en molekulêre biologie, maar ook in algemene biochemiejoernale. Hy word deur eweknie-wetenskaplikes gereken as 'n internasionale wetenskaplike wie se navorsing 'n beduidende uitwerking op sy spesialiseringsgebied het.

Havengaprys vir Gesondheidswetenskappe
Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. Barbara Huisamen**, emeritus professor in die Departement Biomediese Wetenskappe, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Barbara Huisamen

Prof. Huisamen het 'n lang navorsingsloopbaan in die mediese wetenskappe agter die rug waartydens sy uitstekende en betekenisvolle bydraes gelewer het. Prof. Huisamen se navorsing het gefokus op die medisinale eienskappe van veral drie inheemse plante met die uitsluitlike doel om die vele anekdotes van gesondheidsvoordele vir veral tipe 2-diabetes, hipertensie en vetsug wetenskaplik te ondersoek. Haar navorsing geniet nasionale en internasionale erkenning, soos blyk uit haar veelvuldige publikasies in hoë-impaktydskrifte, talle eretoekennings en voordragte op plaaslike en internasionale kongresse.

SENIOR KAPTEIN SCOTT-GEDENKMEDALJE

Die medalje word driejaarliks toegeken aan enige bioloog in suidelike Afrika wat uitmuntend in sy/haar werksveld presteer het. Wetenskaplike werk van meer toegepaste aard en van voortreflike gehalte wat die status van die biologiese wetenskappe bevorder het deur byvoorbeeld besondere navorsing, onderwys of bestuursleiding, kom hiervoor in aanmerking. Dit kan óf vir 'n enkele uitstaande bydrae óf vir 'n voortgesette bydrae oor 'n lang tydperk op die gebied van die omgewingsbiologie toegeken word.

Die prys word vanjaar toegeken aan **prof. Erik Holm**, emeritus professor en voormalige hoof van die Departement Entomologie aan die Universiteit van Pretoria.

Prof. Holm word vereer vir sy wetenskaplike en ander vakkundige bydraes tot die entomologie, asook die bevordering van 'n belangstelling in insekte en die natuur onder die algemene publiek. Onder prof. Holm se dinamiese leiding spesialiseer die Departement Entomologie in insektaksonomie, mediese entomologie en insekplaagbeheer. Ná sy aftrede by die Universiteit van Pretoria geniet prof. Holm steeds internasionale aansien as spesialis op die subfamilie Cetoniinae en familie Buprestidae van Suider-Afrika. Prof. Holm plaas 'n hoë premie op vakkundige gemeenskapsdiens. Vir hom is publieke opvoeding die taak van elke akademikus. Hy is ook 'n kunstenaar wat die boeke wat uit sy pen verskyn het, ryklik geïllustreer het met sy eie voortreflike illustrasies; hy het ook vir sy studente 'n kursus in tekentegniek aangebied. Hy is vantevore ook deur die Filateliedienste genader om twee reekse seëls met insekte as tema te illustreer, een reeks vir die destydse Suidwes-Afrika en die ander vir Suid-Afrika. Erik Holm is tans 'n direksielid en omgewingsraadgewer vir die ZZ2-Boerdery in Suid-Afrika. Sy belangstelling is die toepassing van ekologiese beginsels in die struktuur en strategie van boerderyondernemings. Sy bydraes as bioloog het deur leierskap, onderrig, navorsing en kuns die land se kennis van veral die entomologie in Suider-Afrika betekenisvol verryk.

DOUW GREEFF-PRYS
Die prys word toegeken vir 'n navorsings- of oorsigartikel van hoogstaande wetenskaplike gehalte wat gedurende die jaar wat die prys voorafgaan, in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* gepubliseer is.

Die prys word toegeken aan **prof. G.J.H. (Gert) Krüger** van die Noordwes-Universiteit vir sy artikel "Kontrasterende invloed van chroniese osoonblootstelling op fotosintetiese elektronoordrag en CO_2-assimilering in gevoelige (*S156*) en bestande (*R123*) *Phaseolus vulgaris* L.- genotipes", wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, vol. 37 (1) (2018), verskyn het.

ESTHER GREEFF-PRYS
Die prys word toegeken vir 'n artikel van hoogstaande wetenskaplike gehalte wat in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* verskyn het.

Die prys word toegeken aan **prof. Phil van Schalkwyk** van die Noordwes-Universiteit vir die artikel '"n Herevaluering van Eben Venter se *Wolf, wolf* binne die konteks van sy oeuvre", wat in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* Jg. 57 (2-1), Junie 2017, verskyn het.

Prof. Phil van Schalkwyk

JUNIOR KAPTEIN SCOTT-GEDENKMEDALJE (Plantkundige Wetenskappe)
Die medalje kan jaarliks toegeken word vir die beste verhandeling wat by 'n Suid-Afrikaanse universiteit vir die M.Sc.-graad ingedien is (om die beurt in die dierkundige en plantkundige wetenskappe). Vanjaar is plantkundige wetenskappe aan die beurt.

Die medalje word toegeken aan **mnr. N.A.M. (Alex) de Gouveia**, verbonde aan Universiteit van die Vrystaat, vir sy verhandeling “Systematics of *Crabbea* Harv. (Acanthaceae) in southern Africa”.

Alex de Gouveia

POORTPRYS
Die Poortpryse word jaarliks toegeken vir die twee beste skeppende bydraes (poësie, prosa, drama) deur leerlinge in grade 10, 11 en 12 wat aan die Poortkompetisie deelgeneem het.

Die prys word toegeken aan:

Prosa: **Lani de Beer** van die Hoërskool Jim Fouché vir *Voor ek vergeet ...*

Poësie: **Dyllan Niehaus** van die Hoërskool Menlopark vir sy gedig *Aan my vrye vers*.